SURF

STELLENBOSCH UNIVERSITY RETIREMENT FUND | STELLENBOSCH UNIVERSITEIT AFTREDEFONDS

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH AFTREDEFONDS

## Lewende annuïteit binne die Fonds: Vrae en antwoorde

Die Nasionale Tesourie het in Julie 2015 konsepregulasies uitgereik oor verstekstrategieë wat alle fondse moet implementeer. Die finale regulasies het op 1 September 2017 in werking getree, en alle aftreefondse moes vanaf 1 Maart 2019 oor ’n annuïteitstrategie vir hulle uittredende lede beskik. Die trusteeraad van die Universiteit Stellenbosch Aftredefonds (‘die Fonds’) het egter reeds op 1 Januarie 2017 lewende annuïteite binne die Fonds bekend gestel, en was dus voorbereid op hierdie vereistes. Die Fonds se annuïteitstrategie stel jou in staat om jou hele óf ’n deel van jou aftreevoordeel in ’n uiters kostedoeltreffende maandelikse pensioen te omskep. Dit kan in die vorm van hetsy ’n **verstekopsie** of ’n **pasgemaakte opsie** geskied.

Die volgende vrae en antwoorde behoort jou die meeste van die inligting te gee wat jy nodig het.

### 1. Wat is die verskil tussen die verstek- en die pasgemaakte annuïteitsopsies?

Die ontwerp van die verstekopsie is gegrond op die Nasionale Tesourie se regulasies. Die verstekopsie is kostedoeltreffend, eenvoudig om te administreer en te kommunikeer, en verg weinig moeite van jou, die afgetrede lid. Boonop is dit ontwerp om volhoubaar te wees sodat jou kapitaal nie gedurende jou aftrede opraak nie. Die matige beleggingstrategie beheer risiko en skommelinge in beleggingsopbrengste. Jy kan ’n vaste persentasie van die aftreekapitaal as ’n maandelikse pensioen onttrek. Hierdie persentasie verander outomaties elke vyf jaar op die herdenking van jou aftrede (op ouderdom 65, 70, 75, ensovoorts).

Daarteenoor bied die pasgemaakte opsie uittredende lede meer buigsaamheid. Jy kan in enige kombinasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes belê (Groei, Kapitaalbeskerming, Aggressiewe Absolute Opbrengs, Konserwatiewe Absolute Opbrengs. Jy kan ook kies om in die Shari’ah-portefeulje te belê. Die pasgemaakte opsie stel jou in staat om ’n onttrekkingskoers binne die perke van jou ouderdomskategorie te kies. Die onttrekkingskoers word uitgedruk as ’n persentasie, wat jy elke jaar op die herdenking van jou aftrede kan verander.

### 2. Kan ek van die verstek- na die pasgemaakte opsie oorskakel, en andersom?

Jy kan in enige stadium van die verstek- na die pasgemaakte opsie oorskuif. Tog kan jy slegs op die herdenking van jou aftrede van die pasgemaakte na die verstekopsie oorskakel. Dít is omdat jou onttrekkingskoers slegs een maal per jaar, op die herdenking van jou aftrede, verander kan word. Die administrateurs van die Fonds moet jou skriftelike instruksie vir ’n verandering in jou onttrekkingskoers teen nie later nie as ’n maand voor die herdenking van jou aftrede ontvang.

## 3. Wat is my beleggingsmoontlikhede met die verstekopsie, en wanneer tree dit in werking?

As jy die verstekopsie kies, hoef jy nie enige spesifieke beleggingskeuse uit te oefen nie. Jou pensioen word jaarliks in die maand na die herdenking van jou aftrede herbereken.

## 4. Wat is my beleggingsmoontlikhede met die pasgemaakte opsie, en wanneer tree dit in werking?

As jy uit die staanspoor die pasgemaakte opsie kies, of later van die verstek- na die pasgemaakte opsie oorskakel, het jy heelwat buigsaamheid:

- Jy kan jou belegging tussen die Fonds se portefeuljes vir Groei, Kapitaalbeskerming, Aggressiewe Absolute Opbrengs, Konserwatiewe Absolute Opbrengs verdeel. Jy kan ook die Shari'ah-portefeulje kies.
- Jy kan jou beleggingsinstruksie so dikwels verander as wat jy wil.
- Jy kan jou onttrekkingskoers een maal per jaar, op die herdenking van jou aftrede, verander (binne die perke van die pasgemaakte opsie).
- Jy kan 'n finansiële raadgewer uit die Fonds se paneel voorkeurdiensverskaffers óf jou eie raadgewer aanstel. Die Fonds sal sorg dat die raadgewer se fooi afgetrek word en dat dit nie 0,50% (met BTW) van jou bates per jaar oorskry nie. Nietemin is dit nie verpligtend om 'n finansiële raadgewer aan te stel nie.
- Jy kan in enige stadium kies om jou deelname aan die lewende annuïteit binne die Fonds te stop en jou oorblywende aftreekapitaal na 'n ander goedgekeurde aftree-instrument (soos 'n ander lewende annuïteit of versekeringsmaatskappy) oor te plaas.
- Jy kan op jou aftreeherdenking na die verstekopsie oorskakel.
- Indien jou aftreekapitaalsaldo 'n sekere wetsvoorgeskrewe minimum vlak bereik, kan jy daarom aansoek doen dat die volle oorblywende saldo as 'n enkelbedrag kontant aan jou uitbetaal word.

## 5. Hoeveel sal ek as 'n maandelikse pensioen ontvang?

Dít sal afhang van die persentasie wat jy maandeliks uit jou aftreekapitaal onttrek. Hierdie persentasie is ook bekend as die onttrekkingskoers. Die tabel hier onder bied 'n uiteensetting van die onttrekkingskoerse vir elke beleggingsopsie, uitgedruk as 'n persentasie van jou batebelegging.

| Ouderdoms-kategorie | Onttrekkingskoers vir mans op die verstekopsie | Onttrekkingskoers vir vroue op die verstekopsie* | Onttrekkingskoers vir sowel mans as vroue op die pasgemaakte opsie |
|---|---|---|---|
| 55 tot 59 | 4,0% | 3,5% | 2,5-7,0% |
| 60 tot 64 | 4,4% | 3,8% | 2,5-8,0% |
| 65 tot 69 | 4,9% | 4,2% | 2,5-9,0% |
| 70 tot 74 | 5,6% | 4,7% | 2,5-10,0% |
| 75 tot 79 | 6,3% | 5,2% | 2,5-12,0% |
| 80 tot 84 | 7,3% | 5,8% | 2,5-15,0% |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 85 en ouer | 8,7% | 7,0% | 2,5-17,5% |

* Die onttrekkingskoerse vir vroue is laer, want vroue het 'n langer lewensverwagting as mans.

Met die **verstekopsie** is die persentasie vasgestel en neem dit elke vyf jaar outomaties toe (op ouderdom 65, 70, 75, ensovoorts). Die nuwe onttrekkingskoers word op die eerste dag van die maand na jou aftreeherdenking geïmplementeer.

**VOORBEELDE**

A: Jy is 'n man en jy tree af op 65-jarige ouderdom met R2 000 000 in aftreekapitaal. Jy kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitspoel oor te plaas. Met die verstekopsie begin jy met 'n maandelikse pensioen van R8 166,67 (d.w.s. 4,9% van jou kapitaal wat maandeliks uitbetaal word).

B: Jy is 'n vrou en jy tree af op 65-jarige ouderdom met R2 000 000 in aftreekapitaal. Jy kies om die volle bedrag na die Fonds se lewende-annuïteitspoel oor te plaas. Met die verstekopsie begin jy met 'n maandelikse pensioen van R7 000 (d.w.s. 4,2% van jou kapitaal wat maandeliks uitbetaal word).

Daarteenoor kan jy met die **pasgemaakte opsie** jou eie persentasie uit die bestek vir jou ouderdomskategorie kies. Jy kan jou onttrekkingskoers jaarliks op die herdenkingsdatum van jou aftrede verander.

**VOORBEELD**

Jy tree af op 65-jarige ouderdom met R2 000 000 in aftreekapitaal, en jy plaas die volle bedrag oor na die Fonds se lewende-annuïteitspoel. Met die pasgemaakte opsie kan jy enigiets tussen 2,5% en 9% van jou aftreekapitaal as 'n maandelikse pensioen kies. Dít beteken dat jou aanvangspensioen iewers tussen R4 167 en R15 000 per maand sal wees.

## 6. Watter koste is daar indien ek die lewende annuïteit binne die Fonds kies?

Jou fondskrediet wat by jou aftrede na die Fonds se lewende-annuïteitspoel oorgeplaas word, word belê in portefeuljes waarvan die prys institusioneel eerder as individueel bepaal word. Dít impliseer uiters gunstige beleggingsbestuursfooie omdat dit vir 'n Fonds bepaal word en nie vir 'n individuele lid nie. Die beleggingsfooi vir die verstekopsie is sowat 1,00% (met BTW) van jou fondskrediet per jaar.

Die administrasiefooi is 0,10% (met BTW) van jou bates per jaar, tot en met 'n maksimum batewaarde van R4 000 000.

Jy kan finansiële advies van een van die Fonds se voorkeurdiensverskaffers bekom. Die maksimum adviesfooi wat die Fonds namens die raadgewer sal aftrek, is 0,50% (met BTW) van jou bates per jaar. As jy jou eie finansiële raadgewer gebruik, sal die adviesfooi van jou kapitaalbedrag afgetrek word.

Die tabel hier onder bied 'n uiteensetting van die fooistruktuur vir die verstekopsie. Die totale basisfooi word uitgedruk as 'n persentasie van jou batebelegging.

| Bates belê | Maandelikse administrasie-fooi (met BTW) | Maandelikse beleggings-fooi (met BTW) | Maksimum maandelikse finansiële adviesfooi (met BTW) | Maksimum totale basisfooi (per jaar, met BTW) | Maksimum totale basisfooi sonder finansiële advies (per jaar, met BTW) |
|---|---|---|---|---|---|
| R1 000 000 | R84 | R833 | R417 | 1,60% | 1,10% |
| R2 000 000 | R167 | R1 667 | R833 | 1,60% | 1,10% |
| R4 000 000 | R333 | R3 333 | R1 667 | 1,60% | 1,10% |
| R5 000 000 | R333 | R4 167 | R2 083 | 1,58% | 1,08% |
| R6 000 000 | R333 | R5 000 | R2 500 | 1,57% | 1,07% |

## 7. Waar word my aftreekapitaal as ’n annuïtant binne die Fonds belê?

Met die **verstekopsie** word jou kapitaal 50/50 tussen ’n aggressiewe en ’n konserwatiewe absolute opbrengs-portefeulje met veelvuldige bestuurders belê. Jou maandelikse inkomste en bedryfskoste word proporsioneel uit die twee portefeuljes betaal.

Met die **pasgemaakte opsie** kies jy waar jou aftreekapitaal belê moet word, d.w.s. in enige kombinasie van die volgende portefeuljes:

- Groei
- Kapitaalbeskerming
- Aggressiewe Absolute Opbrengs
- Konserwatiewe Absolute Opbrengs
- Shari’ah-portefeulje

Jy kan ook kies uit watter portefeulje jou maandelikse inkomste en bedryfskoste betaal moet word. Feiteblaaie oor bogenoemde portefeuljes is te kry op die Fonds se webportaal.

## 8. Sal ek my beleggingskeuses kan verander, en indien wel, hoe dikwels?

Met die **verstekopsie** kan jy nie tussen beleggingsopsies oorskakel nie.

Met die **pasgemaakte opsie** kan jy in enige kombinasie van die Fonds se beleggingsportefeuljes (Groei, Kapitaalbeskerming, Aggressiewe Absolute Opbrengs, Konserwatiewe Absolute Opbrengs of die Shari’ah-portefeulje belê. Jy kan ook so dikwels as wat jy wil tussen hierdie ses opsies oorskakel.

Let egter daarop dat ’n oorskakelingsfooi vanaf die tweede beleggingsoorskakeling in ’n bepaalde fondsjaar (1 Januarie tot 31 Desember) gehef sal word. Die oorskakelingsfooi word jaarliks hersien en was R683 (met BTW) in Maart 2024. Die oorskakelingsfooi word uit jou bates in die Fonds betaal.

## 9. Sal ek geld van ander aftree-instrumente (soos ’n privaat uittreeannuïteit) na my lewende annuïteit binne die Fonds kan oorplaas?

Nee, slegs die aftreevoordeel wat uit die Fonds self kom, kan na die lewende annuïteit binne die Fonds oorgeplaas word. Lede van die Fonds kan egter voordat hulle aftree geld uit ander goedgekeurde fondse (byvoorbeeld ’n bewaringsfonds) in die Fonds konsolideer.

## 10. Op watter datum sal my maandelikse pensioen betaal word?

Jou maandelikse pensioenbetaling geskied op die 25ste van elke maand. Om seker te maak dat

jou eerste maandelikse pensioenbedrag betyds betaal word, moet alle vereiste dokumente sowat 'n maand voor jou aftreedatum aan die Fondsadministrateurs gestuur word. Indien nie, sal die eerste betaling eers in die tweede maand na jou aftrede gedoen word.

## 11. Sal ek elke jaar 'n pensioenverhoging ontvang?

'n Lewende annuïteit betaal 'n persentasie van jou aftreekapitaal as 'n maandelikse pensioen. Die bedrag bly dieselfde vir 12 maande waarna dit hersien word aan die hand van jou gekose onttrekkingskoers en die beskikbare kapitaal.

### VOORBEELD

'n Manlike lid tree af op 65-jarige ouderdom met R2 000 000 in aftreekapitaal en kies om die volle bedrag na die lewende-annuïteitspoel binne die Fonds oor te plaas. Die lid kies die onttrekkingskoers van die verstekopsie. Die uittredende lid begin deur in die eerste jaar 4,9% van sy kapitaal (R8 166 per maand) te onttrek. Die onttrekkings word gefinansier deur die opbrengs op die kapitaalbelegging. Indien die beleggingsopbrengs gedurende daardie jaar 10% is, sal die aftreekapitaal in die lewende-annuïteitspoel aan die einde van daardie jaar op R2 102 000 te staan kom. In die volgende jaar (d.w.s. op 66-jarige ouderdom) is die maandelikse pensioen R8 583,17 (d.w.s. 4,9% van R2 102 000). In wese is die verskil tussen die onttrekkingskoers en die beleggingsopbrengs dus die volgende jaar se verhoging (in hierdie geval 10%−4,9% = 5,1%). Dít impliseer natuurlik dat 'n negatiewe 'verhoging' ook moontlik is (sien volgende voorbeeld hier onder).

Hou ook inflasie in gedagte. Indien inflasie in die eerste jaar 5% was, sal die verhoging (van 5,1%) gelyk wees aan 102% van inflasie.

### VOORBEELD

'n Manlike lid tree af op 65-jarige ouderdom met R2 000 000 in aftreekapitaal en kies om die volle bedrag na die lewende-annuïteitspoel binne die Fonds oor te plaas. Die lid kies die onttrekkingskoers van die verstekopsie. Die uittredende lid begin deur in die eerste jaar 4,9% van sy kapitaal (R8 166 per maand) te onttrek. Die onttrekkings word gefinansier deur die opbrengs op die kapitaalbelegging. Indien die beleggingsopbrengs gedurende daardie jaar 3% is, sal die aftreekapitaal in die lewende-annuïteitspoel aan die einde van daardie jaar op R1 962 000 te staan kom. In die volgende jaar (d.w.s. op 66-jarige ouderdom) daal die maandelikse pensioen tot R8 011,50 (d.w.s. 4,9% van R1 962 000).

## 12. Op watter datum sal my maandelikse pensioen verander?

Met die **verstekopsie** sal jou pensioen in die maand na die herdenking van jou aftrede verander. Met die **pasgemaakte opsie** kan jy jou onttrekkingskoers op jou aftreeherdenking wysig. Die kapitaalwaarde en jou onttrekkingskoers bepaal hoeveel jy per maand sal ontvang.

## 13. Wat is die minimum bedrag wat in die lewende annuïteit binne die Fonds belê kan word?

Die minimum bedrag wat in die lewende annuïteit binne die Fonds belê kan word, is R247 500. Die trustees hersien hierdie waarde van tyd tot tyd.

## 14. Sal ek inkomstebelasting betaal op die gedeelte van my aftreefondskapitaal wat ek na die lewende-annuïteitspoel van die Fonds oorplaas?

Nee, die oorplasing na die lewende-annuïteitspoel binne die Fonds is ’n belastingvrye transaksie.

## 15. Sal ek inkomstebelasting betaal op die inkomste wat ek uit die lewende annuïteit binne die Fonds ontvang?

Ja, dit is ’n belasbare inkomste, nes enige ander pensioen.

## 16. Hoe kan ek seker wees dat my aftreekapitaal nie sal opraak nie?

Die onttrekkingskoers van die **verstekopsie** is juis vasgestel op ’n vlak wat sal keer dat jou kapitaal opraak (bv. 4,9% vir mans en 4,2% vir vroue op 65-jarige ouderdom, met verhogings elke vyf jaar). Selfs belangriker is dat die kapitaal belê word in ’n portefeuljestruktuur wat reële beleggingsopbrengste verdien.

Hoewel die onttrekkingskoerse van die **pasgemaakte opsie** ook ontwerp is om te keer dat jou kapitaal opraak, is diegene wat hierdie opsie kies aan ’n hoër risiko blootgestel.

Die trustees is daarvoor verantwoordelik om die volhoubaarheid van die pensioene van alle annuïtante binne die Fonds dop te hou. Indien dit lyk of ’n annuïtant se aftreekapitaal kan opraak, is die Fonds verplig om dit aan die betrokke lid te kommunikeer.

## 17. Hoe weet ek dat my aftreekapitaal veilig is in die Fonds?

Alle beleggings van die Fonds val onder die Wet op Pensioenfondse, veral regulasie 28. Omdat die Fonds ’n omskrewe-voordeelfonds is, bestee die trustees die meeste van hulle tyd daaraan om die Fonds se beleggings so goed moontlik te bestuur. Dít behels onder meer voortdurende kommunikasie met lede om hulle op hoogte van sake te hou en hulle verwagtinge te bestuur.

## 18. Wat sal gebeur wanneer ek as ’n annuïtant binne die Fonds te sterwe kom?

Wanneer jy sterf, word die waarde van jou oorblywende aftreekapitaal uitbetaal. Hierdie betaling val onder artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse en behels ’n formele betaling van die voordeel aan jou afhanklikes en/of begunstigdes, na gelang van wat die trusteeraad besluit.

Die Fonds sal jou elke jaar vra om ’n vertroulike begunstigdebenoemingsvorm te voltooi en in te dien. Met hierdie vorm verwoord jy jou wense oor hoe die voordeel toegeken moet word. Let egter daarop dat die finale besluit by die trusteeraad berus.

Sodra die trustees besluit het hoe jou voordeel toegeken moet word, kan jou eggenoot een of meer van die volgende opsies kies:

- Neem die bedrag wat aan hom/haar toegeken is, as ’n enkelbedrag kontant (onderworpe aan heersende belasting op enkelbedragvoordele).
- Sit die lewende annuïteit binne die Fonds voort.
- ’n Kombinasie van die twee opsies hier bo

Ander afhanklikes kan hulle toekennings as ’n enkelbedrag kontant neem (ook onderworpe aan belasting) óf dit gebruik om ’n annuïteit buite die Fonds te koop.

Ingevolge artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse moet daar ’n ondersoek wees om die korrekte begunstigdes en afhanklikes te bevestig. ’n Fooi kan gehef word indien die Fonds se ondersoekende beampte nie die begunstigdes of afhanklikes duidelik in die aanvanklike ondersoek kan identifiseer nie.

## 19. Kan ek my lewende annuïteit staak en oorplaas?

Ja, mits die geld na ’n ander goedgekeurde pensioengewende instrument (soos ’n ander lewende annuïteit of versekeringsmaatskappy) oorgeplaas word en die Fonds ’n vrywaring ontvang.

Hierdie proses sal na verwagting minstens ses maande duur omdat die oorplasing (ooreenkomstig artikel 14 van die Wet op Pensioenfondse) deur die Registrateur van Pensioenfondse goedgekeur moet word. Die oorblywende aftreekapitaal kan eers oorgeplaas word nadat die Registrateur goedkeuring verleen het. Die Fonds sal voortgaan om jou maandelikse pensioen aan jou te betaal terwyl hulle op die goedkeuring wag.

Twee stelle fooie word gehef wanneer ’n lid besluit om die lewende annuïteit binne die Fonds na ’n eksterne annuïteit oor te plaas:

- Die Fonds sal ’n fooi hef om ’n formele aansoek om oorplasing op te stel. Hierdie fooi sal verhaal word uit jou oorblywende aftreekapitaal wat uit die Fonds oorgeplaas sal word. In Maart 2023 was die fooi sowat R2 000 (met BTW).
- ’n Fooi moet aan die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor betaal word om die aansoek by die Registrateur in te dien. Hierdie fooi sal ook verhaal word uit die bedrag wat oorgeplaas moet word. Dit het in Maart 2023 op R210 te staan gekom. Die fooi word van tyd tot tyd deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor hersien.

## 20. Hoe weet ek hoeveel aftreekapitaal ek in enige bepaalde stadium oor het?

Jy sal in enige stadium die veranderinge in die waarde van jou aftreekapitaal op die webportaal by https:mymoneymatters.alexforbes.com kan nagaan om jou fondskrediet te bepaal.

Boonop sal jy een maal per jaar ’n staat van die Fondsadministrateurs ontvang wat die waarde van jou aftreekapitaal op ’n bepaalde datum sal bevestig.

## 21. Kan ek vra dat die totale waarde van my belegging in die Fonds se annuïteit in kontant uitbetaal word?

Nee, as jy op ’n lewende annuïteit binne die Fonds besluit het, kan jy nie kontantuitbetaling kies nie. Die Fonds se reëls laat slegs kontantuitbetaling toe indien jou fondskrediet tot onder ’n sekere bedrag daal. Dít is op sowel die **verstek-** as die **pasgemaakte opsie** van toepassing. Hierdie reëling strook met belastingwetgewing en is bekend as die *de minimis*-reël.

## 22. Sal ek ’n maandelikse pensioenstaat ontvang?

Ja, jy sal ’n staat ontvang wat jou maandelikse pensioen, fondsverwante aftrekkings ooreenkomstig die Fonds se reëls, belastingaftrekkings en dies meer bevestig.

## 23. Sal die Fonds my mediesefonds- en ander bydraes van my maandelikse pensioen aftrek?

Geen aftrekkings buiten dié waarvoor die Fondsreëls voorsiening maak, word toegelaat nie. Jy sal met jou bank moet reël om jou mediesefonds-, versekerings- en ander maandelikse bydraes per debietorder van jou bankrekening te verhaal. Indien jy na-aftredevoordele (soos mediese fonds en groeplewensversekering) van die Universiteit Stellenbosch ontvang, sal die Universiteit dit per debietorder aftrek.

## 24. Wanneer verstryk die opsie om ’n annuïtant binne die Fonds te word?

Alle lede kan by aftrede kies om ’n annuïtant binne die Fonds te word. Indien jy jou aftrede uitstel en ’n gefaseerde afgetredene van die Fonds word, kan jy ook steeds kies om ’n

annuïtant binne die Fonds te word wanneer jy uiteindelik aftree.

As jy egter reeds gekies het om 'n kontantaftreevoordeel te neem en/of 'n pensioen buite die Fonds te koop, sal jy nie in 'n later stadium kan terugkeer om die opsie uit te oefen nie. Die besluit om aan die Fonds se lewende annuïteite deel te neem moet deel uitmaak van jou voordeeluitbetalingsinstruksie by uittrede uit die Fonds.

Kortom kan jy dus in enige stadium aan die lewende annuïteit binne die Fonds onttrek, maar jy kan nie aansluit nadat jy reeds die Fonds verlaat het en jou voordele uitbetaal is nie.

## 25. Watter kommunikasie kan ek van die Fonds verwag?

Maandeliks: Jy sal maandeliks 'n pensioenstaat ontvang wat jou bruto pensioen en tersaaklike aftrekkings aandui.

Jaarliks: Jy ontvang ook een maal per jaar:

- 'n projeksiestaat;
- 'n onttrekkingskommunikasie om jou jaarlikse onttrekkingskoers te kies (pasgemaakte opsie);
- 'n voordelestaat wat jou voordele verduidelik; en
- 'n begunstigdebenoemingsvorm om te voltooi met die name van jou afhanklikes en begunstigdes, en jou wens oor hoe jou voordele verdeel moet word indien jy te sterwe kom.

Van tyd tot tyd: Jy sal ook ad hoc-kommunikasie oor beleggings ontvang.

Raadpleeg ook die Fonds se webportaal en die SURF-webtuiste gereeld vir die jongste nuus.

## 26. Kan ek 'n finansiële raadgewer aanstel om my met al my opsies te help?

Hoewel dit nie verpligtend is nie, kan jy 'n finansiële raadgewer aanstel indien jy wil. Jy het twee opsies:

- Jy kan 'n finansiële raadgewer uit die Fonds se paneel voorkeurdiensverskaffers aanstel. Die adviesfooi is beperk tot 50 basispunte (0,50%, met BTW) van jou bates per jaar. Die Fonds sal die fooi van jou kapitaal aftrek en aan jou finansiële raadgewer oorbetaal.
- Jy kan jou eie finansiële raadgewer aanstel. Die Fonds sal die adviesfooi van jou kapitaal aftrek en aan jou finansiële raadgewer oorbetaal. Die fooi is beperk tot 50 basispunte (0,50%, met BTW) van jou bates per jaar.